

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 23

19 Julie 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

LAERSKOOL NEWTONPARK (AFLAAI-AREA)
Ons wil tog ‘n vriendelike versoek aan ouers rig om soggens die parkeerareas langs die skool as aflaai- en ry-sones te hanteer. Elke ouer wil graag sy/haar kind veilig aflaai en ons kan dit slegs doen as ons mekaar help deur ons kinders so spoedig moontlik af te laai, sodat iemand anders ook van die aflaai-areas gebruik kan maak.

RAFI’S WINTER-WARMERS
Ons het in ‘n rekord tyd ‘n totaal van 109.3kg ingesamel en die wen-klas, graad 3B het 27.2kg ingesamel. Ons wil ons opregte dank betuig aan almal wat klere en komberse geskenk het vir hierdie inisiatief.

FONDSINSAMELING - “TROLLEY DASH” BY NEWTONPARK SPAR
U word herinner aan ons fondsinsamelings-projek. Ons sal graag wil sien dat elke kind ten minste 1 boekie (R100) sal verkoop. Die sluitingsdatum vir al die teenblaaie met die geld om terug te wees is **WOENSDAG, 24 Julie 2019**. Die **trekking vind op MAANDAG, 29 Julie 2019** tydens die saalbyeenkoms plaas. Ons wil net klem daarop lê, dat indien ‘n boekie verlore sou raak, u verantwoordelik bly vir die R100 wat daardeur geïn sou word.

KULTUURAAND SAAM MET NATASHA JOUBERT: FOTO’S
Foto’s van die Kultuuraand (kooroptrede saam met Natasha Joubert) is beskikbaar en kan op die skool se skootrekenaar in die voorportaal vanaf Donderdag, 18 Julie 2019, besigtig word. Bestelvorms sal langs die rekenaar geplaas word en u kan die bestelvorm saam met die kontant by Mev. Laas inhandig teen laatste Maandag, 5 Augustus wat die sluitingsdatum vir bestellings is. Ons wil u aanmoedig om gerus ‘n draai te kom maak om hierdie pragtige foto’s te kom besigtig en u bestelvorm in te vul.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

TOELATING 2020: GRAAD 2 – 7
Op Dinsdag, 9 Julie 2019 is daar ‘n brief aan elke ouer in verband met bogenoemde gestuur. Die personeelvoorsiening van Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Ons versoek u om asb. die skeurstrokie, onderaan daardie brief, te voltooi en onverwyld saam met R700 reserveringsfooi (per kind) skool toe stuur om sodoende te verseker dat u kind(ers) ’n plek het.

Die bedrag is voor/op 30 September 2019, betaalbaar. Hierdie bedrag is nie-terugbetaalbaar en sal dien as deel van die eerste betaling op u kind(ers) se skoolgelde vir 2020. Sodra die betaling ontvang word, sal u kind(ers) se inskrywing as afgehandel beskou word.

SKOOLGELDE 2019
Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde, so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se naam en van verskaf.

‘n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

Vlieërs vlieg die hoogste wanneer hulle téén die wind vlieg.
Winston Churchill

Wanneer dit oor styl gaan, gaan saam met die stroom. Wanneer dit oor beginsels gaan, staan rotsvas.
Thomas Jefferson

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 22 Julie	:	Kunsfees Netbal: 0/13A teen Piet Retief **14:30 (t)** Netbal: 0/12A teen Piet Retief **14:30 (w)** Kuns graad R – 2: **13:30-14:30** Kuns graad 3: **14:00-15:00** Kuns graad 4 – 7: **14:15-15:00**
Di – 23 Julie	:	Kunsfees Fanie Viljoen besoek – 10:45 Lapa boekverkoping Tennis: LNP snr A teen Frans Conradie A **(t)** Tennis: Theodor Herzl B teen LNP snr B **(w)** Tennis: Mount Pleasant B teen LNP jnr A **(w)** Tennis: LNP jnr B teen Clarendon **(t)** Kuns graad R – 2 **13:30-14:30** Kuns graad 3 **14:00-15:00** Kuns graad 4 – 7 **14:15-15:00** Skaak: graad 1 – 2: **13:30 – 14:15** Skaak: graad 3 – 7: **14:20 – 15:15** Finansiële komiteevergadering : **16:30**
Wo – 24 Julie	:	Kunsfees Lapa Boekverkoping Klerewinkel: **12:00-14:30** Rugby: 0/13A teen Môrewag **15:15 (w)** Rugby: 0/11A teen Blouwaterbaai **15:15 (w)** Rugby: 0/9A teen Rowallanpark **14:30 (w)**
Do – 25 Julie	:	Kunsfees Dance Kids-ballet graad R: **13:15** Netbal: 0/10A teen Piet Retief **14:30 (w)** Netbal: 0/11A teen Piet Retief **14:30 (t)** Netbal: 0/9A teen Piet Retief **14:30 (t)**
Vr – 26 Julie	:	Klerewinkel: **07:30-12:00** VCSV koekbak-kompetisie Drama graad R – 2: **12:45-13:30** Drama graad 3 – 7: **12:45-13:45** WOW Spelfees: PE-Distrik uitdunne VCSV graad 5 – 6 kamp
Sa – 27 Julie	:	VCSV graad 5 – 6 kamp
So – 28 Julie	:	VCSV graad 5 – 6 kamp

SPORT & KULTUUR

NETBAL – DR. VILJOENSPORTDAG: 13 JULIE 2019

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
13 Julie	0/8A	Verkenner	LNP wen 10 – 0 Speelster van die wedstryd: Chené Koekemoer
13 Julie	0/8A	Mount Pleasant	LNP wen 9 – 2 Speelster van die wedstryd: Nina Rossouw
13 Julie	0/9A	Altona	LNP wen 15 – 0 Speelster van die wedstryd: Megan van Wyk
13 Julie	0/9A	Mount Pleasant	LNP wen 8 – 0 Speelster van die wedstryd: Isabel Kühn
13 Julie	0/10A	Paul Sauer	LNP verloor 6 – 9
13 Julie	0/10A	Kabega	LNP verloor 4 – 8
13 Julie	0/11A	Kabega	LNP wen 4 – 3
13 Julie	0/11A	Albertyn	LNP wen 5 – 1
13 Julie	0/12A	Mount Pleasant	LNP wen 22 – 0
13 Julie	0/12A	Dr. Viljoen	LNP wen 9 – 4
13 Julie	0/13A	Albertyn	LNP verloor 9 – 10
13 Julie	0/13A	Sunridge	LNP verloor 8 – 22

RUGBY – DR. VILJOENSPORTDAG: 13 JULIE 2019

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
13 Julie	0/7A	Charlo	LNP verloor 4 – 5
13 Julie	0/7A	Sunridge	LNP verloor 1 – 4
13 Julie	0/8A	Charlo	LNP wen 3 – 0
13 Julie	0/8A	Dr. Viljoen	LNP wen 15 – 0
13 Julie	0/9A	Dr. Viljoen	LNP verloor 0 – 15
13 Julie	0/11A	Rowallan Park	LNP verloor 7 – 29
13 Julie	0/13A	Kabega	LNP verloor 14 – 46

NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
18 Julie	0/9A	Blouwaterbaai	LNP wen 15 – 0 Speelster van die wedstryd: Kemica Harth
18 Julie	0/10A	Blouwaterbaai	LNP wen 5 – 3
18 Julie	0/10B	Blouwaterbaai	LNP wen 7 – 0
18 Julie	0/11A	Blouwaterbaai	LNP wen 5 – 2
18 Julie	0/11B	Blouwaterbaai	LNP wen 1 – 1 gelykop

RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
17 Julie	0/9A	Walmer Wes	LNP wen 12 – 5

SWEM : PEA WINTER GALA

Jéan Kolesky in graad 7E het vanaf Saterdag 15 tot 16 Junie aan die PEA Winter Gala deel geneem. Hy het as volg tydens die uitdunne presteer in sy ouderdomsgroep:
100m Vryslag : 3de
50m Rugslag : 3de
50m Borsslag : 4de
50m Vryslag: 1ste
Baie geluk!

SA CHAMPIONSHIPS OF PERFORMING ARTS : 28 MAART – 6 APRIL 2019

Tiaan Riekert in graad 5Z het tydens bogenoemde kompetisie, in Rustenburg, 8 medaljes (1 goud, 4 silwer en 3 brons) en 1 algehele wenner trofee verower. Net die top 3 in elke kategorie kry ‘n medalje en die trofee word aan die beste deelnemer van 5-15 jaar in ‘n spesifieke kategorie oorhandig. Hy het ook sy provinsiale baadjie gekry en het die SA span gemaak.



Baie geluk!